

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 198**

(Augustus 1985)

**Jesus /y in ons plek.**

\* \* \* \* \*

"Tog het Hy ons lyding op Hom geneem . . ."

(Jesaja 53:4)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Ek het dors!

Joh. 19:28: "Ek het dors!"

Hierdie kruiswoord van Christus is kort en kragtig, maar onbeskryflik in sy omvang. Ook hierdie kruiswoord het Hy plaasvervangend uitgeroep.

## Sonde

In Ps. 43:2-4 snik die digter dit uit: "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na die lewende God."

"My trane is my spys dag en nag."

Die rede waarom hy so sug, is omdat hy — soos enige ander mens — 'n sondaar is.

'n Gelowige is ook 'n sondaar, maar hy besef sy sonde. Hy wéét hy moet daarvan verlos word. Sonde maak dat jy dors is. Jy smag daarna om by God te wees sodat Hy jou dors kan les.

## God kan jou dors les

Daar is slegs een fontein waarby jy jou sonde-dors kan les — en dit is by Jesus Christus!

Die ware gelowige sal 'n onversadigbare drang hê om by die fontein van die ewige lewe te gaan drink. By die fontein van God se genade sal jy nie bedroë daarvan afkom nie. Hy sal jou weer met nuwe krag verkwik sodat jy vol moed die lewe kan ingaan.

Meer as sy genade het jy nie nodig nie.

- As die laste van die lewe hard op jou druk
- As dit vir jou voel of die lewe vir jou te veel word
- As iou gewete jou aankla dat jy só sondig is
- As jy bekommerd en hartseer en teen die grond voel

— Kom dan na Christus, die fontein van die ewige lewe toe — Hy kan, en Hy sal, en Hy wil ook jou dors les, en jou sondenood opklaar.

## Christus verstaan

As jy na Christus toe gaan met al die versugtinge van jou gemoed, dan sal Hy goed verstaan — want Hy het self 'n baie erger dors as jy aan die kruis verduur. Toe Christus aan die kruis uitgeroep het "Ek het dors", het Hy dit plaasvervangend uitgeroep. Hy het dit in ons plek uitgeroep.

Christus was dors aan die kruis, omdat Hy daar die toorn van God a.g.v. ons sondes gedra het. Die effek van sy dorswees is dat ons wat na die verdienste moet sterf deur ons sondes, nou nooit weer dors sal wees nie.

Christus het ons verlos van die toorn van God sodat ons nou met sy seën oorspoel kan word.

## Nooit weer dors

Aan die Samaritaanse vrou sê Christus by die put in Joh. 4:13 en 14: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat in hom opborrel en vir hom die ewige lewe gee."

- As jy by Christus jou dors les, dan lewe jy ewig.
- As jy by Christus jou dors les, dan lewe jy al het jy ook gesterwe.

- As jy by Christus jou dors les, dan sal geen drukte van hierdie lewe jou onderkry nie.

### **Verniet**

Om jou dors by Christus te les, kos jou niks. Die water van die ewige lewe kry 'n mens verniet!

In Openb. 22:17 nooi God ons uit: "Kom" En elkeen wat dit hoor, moet sê "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!"

- Soek God in sy Woord!
- Soek sy aangesig in die gebed!
- Soek Hom Sondae in die kerk!

Daar kan u u dors les. Daar kan u verniet drink. En dit kan u doen omdat Christus aan die kruis — in u plek! — dors was.

***Ds. A. H. Grove.***

# Dit is volbring

(Joh. 19:30)

In die Bybelse tyd is hierdie woorde op 'n rekening aangebring as dit ten volle betaal is: *Dit is volbring!*

Dit is ook die woorde wat Jesus as sesde kruiswoord aan die kruis uitspreek:

*Dit is volbring!*

In die oorspronklike Griekse taal is dit 'n enkele woord, wat beteken afhandel, voltooi of voleindig.

En dit is ook wat Jesus met hierdie woord aan die kruis op Golgota te kenne wou gee:

— dat sy aardse lewe nou verby was, en dat Hy op die punt was om te sterf,

maar méér nog:

— Dat sy verlossingswerk ook nou afgehandel was,

— Dat die magtige Goddelike werk van bevryding en skulddelging nou voltrek is.

## **Dit is volbring!**

Volgens Matteus, Markus en Lukas het Jesus hard uitgeroep net voordat Hy gesterwe het. Dit was 'n uitroep van triomf, 'n oorwinningsjubel. Die werk wat Hy op aarde moes kom doen het, het Hy uitgevoer.

— Die versoening is bewerkstellig.

— Die vrede met God het Hy verdien.

— Sy verlossingswerk is voltooi.

Reeds op die derde bladsy van die Bybel is Christus se taak aangekondig. Na die sondeval in die Paradys sê God vir die slang: "Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop vermorsel, en jy sal Hom in die hakskeen byt." (Gen. 3:15)

Aan die kruis op Golgota hét Christus die kop van die slang vermorsel. Die stryd teen Satan is volbring.

Alles wat van Jesus Christus in die Skrifte gesê word, is nou volbring.

Wat die aartsvaders en die profete oor Hom geprofeteer het, is volbring. Wat die offers en die seremonies van die Ou Testament van Hom afgebeeld het, is volbring.

➤ *Hy het die Skrif vervul.*

➤ *Hy het ook die wet van God volbring.*

➤ *Aan die eis van God se geregtigheid het Hy voldoen.*

➤ *Hy het die wil van sy Vader ten volle uitgevoer.*

➤ *Hy was gehoorsaam tot die dood toe.*

In Getsémane worstel Hy met die bitter lydensbeker wat sy Vader Hom opgelê het. Maar dan bid Hy: "My Vader, moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." (Matt. 26:39.)

En die opdrag van sy Vader tot verlossing van sy kinders, het Hy uitgevoer met volkome toewyding en oorgegewe liefde.

En as Hy sterf, is alles *volbring*.

Triomferend roep Hy uit: Dit is volbring! - 'n Woord van genade aan elkeen wat glo.

— 'n Boodskap van rus aan sondaarsharte.

Aan dié wat vermoeid en belas is, en gebuk gaan onder die juk van die sonde en die duiwel, sê Hy:

- Dit is volbring!
- Ek het die juk van jou skouer gelig!
- Ek het in jou plek alles klaar gedoen!
- Kom na My toe, en Ek gee jou rus, onverdiend, uit genade . . .
- **Kom geniet die vryheid en vrede wat Ek vir jou verwerf het!**

Glo aan my volbragte werk, en pluk die vrugte daarvan tot in ewigheid!

***Ds. Pieter van der Walt***

# Vader... in u hande... my gees

Luk. 23:46: "Vader, in U hande gee Ek my gees oor."

Na 'n lang en onstuimige dag . . . waarin Jesus ---

- verhoor is . . .
- gespot is
- gepynig is
- gevonnig is
- gekruisig is . . .

'n dag waarop Hy al worstelende die grootste skat van sy genade bewerk het.

Lees ons in Luk. 23:46 sy laaste kruiswoord. Dit was die sewende kruiswoord — dit wil sê:

Sy werk is volbring; sy taak is afgehandel; 'n volmaakte offer is gebring! En na hierdie uitroep, sê Lukas . . . het Jesus gesterf. "*Vader . . . in u hande ...*"

Hy sterf alleen . . . maar *nie* verlate nie. Want sy *Vader* is by Hom — Hy is Immanuel: *God by Hom!* **Jesus sterf enig.** En sê Lukas: Jesus het hierdie laaste woord *hard* uitgeroep . . .

- die mense moes dit hoor
- die wêreld moes dit hoor
- die oorwinning *is* behaal, want . . . "Vader, in u hande . . ."

Bo die sterwende Christus staan die Vader . . . uit wie en vir wie en tot wie Jesus Middelaar geword het. En het jy dit al opgemerk?

Die *eerste* kruiswoord van Jesus begin Hy met . . . "Vader .." — so ook die laaste: "Vader...".

Ja . . . want die Vader is die sturende . . .

- die begin en einde van die ver-lossingsplan van Sy Kind
- die genadige en barmhartige God!

Daarom gee die sterwende Christus Hom koninklik en oorwinnend oor aan sy Vader! Kalm, oorwinnend en betalend sterf die Messias — sodat jy en ek en elke kind van *God* . . . ook só oorwinnend sal kan sterwe.

Want God heers oor lewe en dood — ook oor jou lewe . . . en j<sup>o</sup>ú dood!

Dankie Vader — dat U die gees van U Seun ontvang het . . . dis die waarborg van my saligheid!

**Ds. Nico Ligthelm.**

# Koninklike lyde en begrafnis

*Rooi. . . Groen*

*Wit. . . Swart*

*Lig teenoor duisternis*

Teenstellings is ons hele lewe vol.

Een gesin lag van vreugde by die geboorte van 'n kindjie en net langsaan word gehuil oor 'n geliefde wat sterf.

Só was die geboorte van die Here Jesus 'n skrilte teenstelling met sy begrafnis.

In groot armoede en verwerping is Hy in 'n stal gebore en is in 'n krip neergelê: "... omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie." (Luk. 2:7.)

Die hemel het die geboorte aangekondig met die ster wat in die Ooste gesien is (Matt. 2:2) en die engele wat die geboorte van die Seun van God aan die herders in die veld besing het:

"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mens in wie *Hy 'n welbehae het!*"

Wat 'n geweldige inhoud het die woord van die evangelie van Johannes nie: "Hy was in die wêreld — die wêreld het deur Hom tot stand gekom — en tog het die wêreld Hom nie erken nie." (Joh. 1:10.)

'n Veragte uit die veragte Nasaret.

Maar toe die lydensbeker al voller en meer ingrypend raak en die vernedering neerstort:

- . . . het sy Koningskap uitgetoring
- . . . was daar eer ten spyte van vernedering
- . . . was die koninklike heerlikheid deur God voorsien

Die man van smarte is *Koning*. Die aarde roep saam met die hemel die Koningskap uit. 'n Week voor die kruisiging was Jesus by 'n maaltyd in Betanië waar baie van die mense oor wie Jesus wonders gedoen het — soos Lasarus wat uit die dood opgewek is (Joh. 11) — teenwoordig. Daar salf Maria Hom met kosbare welruikende nardusolie op sy hoof en voete. Van die gebeure wys die Hemelkoning die gaste daarop: "Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te salf vir My begrafnis." (Joh. 12:7.)

Die begrafnis word vir 'n Verheerlikte voorberei. In Sy vernedering bloei Sy verheerliking.

Maar hulle moes dit nie net ruik nie — dit moes óók *gehoor* word. Die volgende dag toe Jesus onder die koninklike ereboog van palmtakke Jerusalem op 'n donkievol inry roep die menigte sy Koningskap uit: "Prys Hom!

Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Die Koning van Israel!" (Joh. 12:13.) Onder Gods hand moes Pilatus bo die kop van die onskuldig *Veroordeelde* Jesus skryf: "Jesus van Nasaret, die *Koning* van die Jode. Daarom sterf Hy ook koninklik nadat Hy eers Sy Gees in die hande van die Vader oorgegee het. (Luk. 23:46.)

Hy sterf omdat Hy *WOU* sterf want Hy beheer die lewe en die dood. Maar Jes. 53:9 moes nog vervul word en word Sy liggaam na die nuwe graf van Josef gedra en bring Nikodemus mirre en aalwyn gemeng met reukolie en draai die liggaam soos die van 'n koning in linne toe. (Joh. 19:38-40.)

Hy het Koninklik gelewe as Seun van God as lydende Kneg en was in Sy sterwe as Koning behandel.

*Hy is onse God wat alles regeer!*

**Ds. Andries H. Mulder.**

# Die opstanding

Die lydenstyd is verby!

Die Here Jesus se vernedering wat sy hoogtepunt gehad het met sy lyde in Getsemané, sy smart deur die verhore heen, die pynlike smart en lyde aan die kruis, en die stilte in die graf, is verby!

- Verby is die vernedering.
- Verby is die smart.
- Verby is die lyding.
- Verby is die stilte.

Jesus Christus het die dood oorwin.

Hy het op die Sondag opgestaan uit die graf.

*Sy verheerliking het begin!*

Die Bybel beskrywe die opstanding baie duidelik. Al vier die Evangeliebeskrywinge verhaal die oor en ooggetuies van Jesus se Opstanding.

Sy opstanding is 'n feit.

Juis die feit dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf en uit die dood, bewys Sy Koningskap.

*Ja die Koning het opgestaan!* En sy opstanding word ook gekenmerk deur Sy Koninklike optrede.

Die Koning staan op uit die graf en dit op so 'n Koninklike wyse. Die kroon van die koningskap sit stewig op Sy hoof!

Niemand kan die kroon gryp en Hom van Sy ewige Koningskap beroof nie!

Die wêreld in die mag van die Satan het hard probeer!

- Eers het die Satan met drie versoekings in die woestyn probeer, om Jesus 'n ander Messias te maak as waartoe hy verorden is.
- Die Satan doen dit selfs deur Petrus te gebruik, sodat Jesus die Satan moet bestraf en sê — "Gaan weg agter my Satan".
- Die wêreldse regter Pontius Pilatus veroordeel Hom en lewer Hom oor.
- Die fariseërs en skrifgeleerdes, die ouderlinge en owerstes almal skreeu — Kruisig, kruisig Hom!
- Soldate slaan Hom, hulle spoeg op Hom, en hulle spot Hom met 'n purper mantel en 'n doringkroon!
- Terwyl Hy aan die kruis hang neem die venyn van die Satan toe — die nou bekende spottoon hoor 'n mens weer:
  - As U die Seun van God is verlos uself.
  - As U die Seun van God is . . .

Dan sterf Hy! Die mense wat vir die skouspel bymekaar was, slaan met selfvoldaanheid op hulle bors en gaan huis toe. Jesus het gesterf, Sy graf is by die rykes maar dit lyk asof hierdie Seun van 'n timmerman uit Nasaret nou stil is.

Die graf het 'n groot steen voor die opening en 'n soldaat bewaak dit! Dan op daardie lieflike Sondagmôre! Die graf is leeg! *Jesus het opgestaan!*



Die kroon van die Koning is op Sy hoof.

Na die duisternis van die Vrydag se kruis skyn die lig helder.

Geen duisternis meer nie, maar 'n ewige lig.

Geen donkerheid van dood, graf en hel nie maar 'n lewe vol lig wat straal van die lig wat bly tot in ewigheid.

Hierdie lig wat bly skyn tot in ewigheid moet ook in U en my harte skyn.

- Die Koning heers
- Die Koning het opgestaan
- Die Koning leef.

Skyn hierdie lig in u harte?

Leef hierdie Koning Jesus Christus ook in u harte en in u huis?

Jesus Christus het **opgestaan** dat u en ek kan **lewe!**

***Ds. L. H. van Schaik.***